# REGULASIES

EN

# ORDERS

EN

# INSTRUKSIES

VIR

# KADETKORPSE

PRETORIA
GOEWERMENTSDRUKKERY EN KANTOOR VAN SKRYFBEHOEFTE
1923
6517—24/8, 23—4000

GOEWERNEMENTS KENNISGEWING No. 1443.

REGULASIES VIR KADETTE.

Dit het sy Koninklike Hoogheid die Goewerneurgeneraal-in-Rade behaag om kragtens die bepalinge van klousule (*a*) van artiekel *honderd en sestien* van die Suidafrika Verdedigingswet, 1912, die "Regulaties voor Kadetten" soos gepubliseer deur Goewerments Kennisgewing No. 378 van 1913, en die latere wysiginge daarvan in te trek, en die volgende nuwe Regulasies vir Kadette te maak, wat van krag is vanaf die 1ste September 1922.

J. MITCHELL BAKER, Kolonel,
Waarnemende Hoof van die Generale Staf en Sekretaris vir Verdediging.

Departement van Verdediging,
Pretoria, 25 Augustus 1923.

UNIE VAN SUIDAFRIKA.

# REGULASIES VIR KADETTE.

## INLEIDING.

1. In hierdie regulasies, tensy daaruit 'n ander bedoeling blyk, beteken— Woordbepaling.

"Wet" die Suidafrika Verdedigingswet, 1912;

"Wysigingswet" die Suidafrika Verdedigingswet Wysigingswet, 1922;

"Minister" die Minister van Verdediging of 'n ander Minister wat in sy plek ageer.

2. In hierdie regulasies sal die volgende afkortinge die betekenisse hê wat daaragter staan:— Afkortinge.

A.B.M.—Aktiewe Burgermag.
H.G.S.—Hoof van die Generale Staf.
S.A.S.D.—Suidafrikaanse Seediens.
O. in B. (of B.O.)—Bevelvoerende Offisier.
K.M.G.—Kwartiermeester-generaal.
Disso.—Distrikstafoffisier.

## SAMESTELLING, ORGANISASIE EN OEFENING.

3. Artiel *ses* van die Wet bepaal dat op plekke waar gemaklik voorsiening kan gemaak word vir die behoorlike oefening van kadette, alle jongens tussen hul dertiende en sewentiende jaar (albei ingesluit) opgeroep kan word om jaarliks kadetoefening mee te maak mits hul ouers of voogde nie daarteen skriftelik beswaar maak nie. Verpligte oefening.

4. Die Minister kan deur kennisgewing in die *Staatskoerant* stedelike of ander digbewoonde wyke in enige militêre distrik, waarin voorsiening gemaak kan word vir die behoorlike oefening van kadette, vasstel as kadetoefenwyke. Vasstelling van oefenwyke.

5. In elke kadetoefenwyk wat só vasgestel is, moet elke persoon wat aan die hoof is van 'n goewermentskool of 'n skool wat deur die Staat gesubsidieer word, of van enige private skool wat deur die Minister aangewys word deur kennisgewing in die *Staatskoerant*, elke jaar gedurende die maande Februarie en Julie nadat daardie wyk vasgestel is, by die kantoor van die distrikstafoffisier van die militêre distrik die naam registreer van elke skooljonge wat in daardie jaar die ouderdom van dertien, veertien, vyftien of sestien jaar sal bereik. Registrasie van jongens wat skool gaan.

6. As 'n jonge in so'n vasgestelde wyk gedurende enige van daardie ouderdomme nie so'n skool bywoon nie, moet die ouer of voog of ander persoon wat in die plek staan van die ouer, die jonge op dieselfde manier gedurende die maand Januarie van daardie jaar registreer, of as die jonge nie gedurende Januarie in daardie wyk woonagtig is nie, binne dertig dae van die dag waarop die jonge in die wyk kom woon het. Registrasie van jongens wat nie skool gaan nie.

7. Die vorm vir die registrasie van 'n jonge ooreenkomstig paragraaf 13 of 14 moet wees soos aangegee in Aanhangsel A. Vorm van registrasie.

8. Die skriftelike sertifikaat van 'n geneeskundige wat as sodanig in die Unie of enige deel daarvan geregistreer is, waaruit blyk dat 'n jonge geneeskundig ongeskik is vir kadetoefening en waarop aangegee word die aard van die liggaamlike of verstandelike gebrek of die siekte waardeur die jonge, na sy oordeel, Vrystelling weens geneeskundige ongeskiktheid.

geneeskundig ongeskik gemaak word, moet deur die distrikstafoffisier aangeneem word as die geneeskundige sertifikaat wat kragtens artiekel *vyf-en-sewentig* van die Wet vereis word. Op ontvangs van hierdie sertifikaat moet die distrikstafoffisier dadelik 'n sertifikaat van vrystelling van kadetoefening vir daardie jonge uitreik en die sertifikaat van vrystelling deurstuur aan die hoofonderwyser van die skool wat deur die jonge bygewoon word of, as die jonge nie skool gaan nie, aan sy ouer, voog of ander persoon wat in die plek staan van die ouer. Die hoofonderwyser van 'n skool wat so'n vrystellingsertifikaat ontvang moet behoorlik aantekening daarvan hou en die sertifikaat deurstuur aan die ouer, voog of ander persoon wat in die plek staan van die ouer.

Vrystelling op versoek van die ouer.

9. Die distrikstafoffisier van die militêre distrik of subdistrik waarin 'n jonge verplig is kadetoefening mee te maak, is die voorgeskrywe offisier bedoel in artiekel *vyf-en-sewentig* van die Wet, aan wie 'n ouer, voog of ander persoon wat in die plek staan van 'n ouer, 'n skriftelike versoek moet rig dat die jonge van kadetoefening vrygestel sal word. Op ontvangs van so'n versoek moet die distriktstafoffisier dadelik 'n vrystellingsertifikaat vir daardie jonge aan die gemelde ouer of ander persoon uitreik.

Vorm van vrystelling.

10. Die sertifikaat van vrystelling van kadetoefening onder paragraaf 6 of 7 moet wees ooreenkomstig die vorm uiteengesit in Aanhangsel B.

Outoriteit wat moet las gee om jongens byeen te bring vir oefening.

11. Die Minister is die outoriteit [kyk artiekel *een-en-sewentig* (1) van die Wet] wat moet bepaal die getalle van, en die plekke waar en tyd wanneer jongens wat verplig is om in enige wyk oefening mee te maak, byeengebring moet word.

Organisasie.

12. Alle jongens wat kadetoefening meemaak moet in afdelings ingeskryf word. Sover dit moontlik is, moet 'n kadetafdeling gevorm word by elke skool waar jongens, wat kadetoefening moet meemaak, onderrig word.

Mariene-afdelings.

13. Met die goedkeuring van die Minister kan op plekke waar daar behoorlike geleentheid bestaan, marieneafdelings vir die oefening van kadette gevorm word. Voordat 'n leerjonge in 'n marieneafdeling ingeskryf word, moet hy die skriftelike toestemming van sy werkgewer toon. Die O. in B., S.A.S.D. is verantwoordelik vir die organisasie en oefening van marieneafdelings.

Oefenjaar.

14. Die oefenjaar vir kadette word gereken van die 1ste Januarie in enige jaar tot die 31ste Desember in daardie jaar.

Ouderdom vir inskrywing.

15. Elke jonge wat verplig is diens te doen as 'n kadet en wat in enige kalenderjaar die ouderdom van dertien, veertien, vyftien of sestien jaar bereik, moet as 'n kadet ingeskryf word gereken van die 1ste Januarie in daardie jaar en is verplig om diens te doen as 'n kadet van die 1ste Januarie in daardie jaar tot die 31ste Desember van die jaar waarin hy die ouderdom van sewentien jaar bereik.

Vertraagde inskrywing.

16. In gevalle waar jongens nie vir inskrywing voor die 1ste Januarie in enige jaar beskikbaar is nie, moet hulle inskrywing en verpligting tot diens as kadet gereken word van die 1ste Julie van daardie jaar tot die 31ste Desember van die kalenderjaar waarin hulle die ouderdom van sewentien jaar bereik.

Inskrywing in afdeling.

17. Die hoofonderwyser van 'n kollege of skool waar 'n kadetafdeling opgerig is sal daarvoor verantwoordelik gehou word dat elke lid van sy skool, wat verplig is kadetdiens te doen, as kadet ingeskrywe word tensy hy in besit is van 'n sertifikaat van vrystelling van kadetoefening, uitgereik ooreenkomstig artiekel *vyf-en-sewentig* van die Wet.

Verlenging voor diens.

18. Jongens wat 'n skool bywoon waar 'n kadetafdeling opgerig is, kan, solank as hulle skoliere van daardie skool is, oefening as kadette ontvang tot en met inbegrip van hul twintigste jaar.

Ontslag weens wangedrag.

19. 'n Kadet wat skuldig is aan skandelike gedrag, weerspannigheid, of wangedrag kan uit die Uniekadette ontslaan word. Sodanige gevalle moet deur die distrikstafoffisier of sy verteenwoordiger ondersoek word en sy rapport, tesame met sy aanbevelinge moet na die H.G.S. gestuur word vir sy beslissing.

**Diensplig.**

20. 'n Kadet bly 'n kadet, en bly as kadet onderworpe aan die bepalinge van die Wet, aan die regulasies wat daaronder opgetrek is en aan die orders en instruksies wat uit krag daarvan uitgevaardig is, totdat hy—

(i) onthef is ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 22; of
(ii) ontslaan is ooreenkomstig die bepalinge van paragraaf 19.

**Datum van ontheffing of ontslag.**

21. Die datum van ontheffing of ontslag sal die datum wees wat op die ontslagsertifikaat voorkom.

**Ontheffing.**

22. 'n Kadet word deur die distrikstafoffisier onthef—

(i) as hy deur 'n geregistreerde geneeskundige gesertifiseer word as geneeskundig ongeskik;
(ii) as hy van woonplek verander en daardeur nie in staat is om kadetoefeninge mee te maak nie;
(iii) as hy die voorgeskrywe ouderdomsgrens bereik (kyk paragrawe 15, 16, 17 en 18);

en aan die kadet moet dan 'n ontslagsertifikaat gegee word ooreenkomstig die vorm in Aanhangsel C.

**Bekwaamheidskwalifikasies.**

23. Elke kadet moet hom gedurende elke kadetoefenjaar kwalifiseer as "bekwaam" in die onderwerpe soos bepaal in subartiekel (1) van artiekel *een-en-twintig* van die Wet, ooreenkomstig die standaard en onder die voorwaardes wat in hierdie regulasies vasgestel is. Vir daardie doel moet elke kadet nie minder nie as dertig "bekwaamheidsoefeninge" gedurende 'n hele oefenjaar, of vyftien "bekwaamheidsoefeninge" gedurende 'n halwe oefenjaar meemaak. As 'n jaarlikse kadetkamp kan bygewoon word dan kan dit 'n kadet, wie se gedrag en vordering gedurende die bywoning van so'n kamp bevredigend is, vergun word om drie "bekwaamheidsoefeninge" te reken vir elke dag van bywoning van die kamp. (Kyk Deel III, Orders en Instruksies.)

**Bekwaamheidsoefeninge.**

24. Die uitdrukking "bekwaamheidsoefening" beteken die samekoms, dril en onderrig in kadetoefeninge wat nie minder as een uur duur nie en sluit in iedere geleentheid van instruksie in skietkuns of skietoefening wat nie minder as een uur duur nie.

Twee of meer oefeninge wat tesame een uur duur kan as een "bekwaamheidsoefening" gereken word.

As georganiseerde klasse vir vrye liggaamsoefening 'n deel uitmaak van die kurriekulum van 'n skool en uitgevoer word op 'n manier wat deur die H.G.S. goedgekeur word dan sal een "bekwaamheidsoefening" gereken word vir elke volle kursus van liggaamsoefening van veertien dae deur 'n kadet meegemaak tot voldoening van die persoon wat toesig het oor die klas.

Die volgende ekwiwalente is ook toelaatbaar—

(*a*) 'n bivak of konsentrasie wat nie van korter duur is nie as vier-en-twintig uur: drie "bekwaamheidsoefeninge";
(*b*) 'n veldoefening of drilparade wat nie van 'n korter duur is nie as drie uur: twee "bekwaamheidsoefeninge";
(*c*) 'n erewag of 'n wapenskouing: een "bekwaamheidsoefening";
(*d*) vir spesiale parades wat deur die H.G.S. gelas word: soveel "bekwaamheidsoefeninge" as wat gemagtig mag word.

**Versameling wat nie as oefening tel nie.**

25. Vir die berekening van bekwaamheidsoefeninge sal parades wat gehou word net om in militêre formasies te versamel in die loop van bivakke, konsentrasies of veldoefeninge of in verband met die weggaan of aankoms met die trein of die bywoning van godsdiens nie as "bekwaamheidsoefeninge" tel nie.

**A.B.M. Vredesoefening.**

26. Vir jongens wat 'n kursus van drie jaar kadetoefening voltooi en die standaard van bekwaamheid in dril- en skietkuns en ander militêre onderwerpe, soos in hierdie regulasies voorgeskryf, bereik het en wat op grond daarvan 'n skriftelike sertifikaat ontvang het (kyk Aanhangsel C) moet die tydperk van onafgebroke oefening voorgeskryf vir die eerste jaar vir die A.B.M., met tien dae verminder word.

**Kadette met verlengde diens.**

27. Vir kadette wat hul diens verleng ooreenkomstig paragraaf 11 en wat die standaard van bekwaamheid in dril en skietkuns en ander militêre onderwerpe in hierdie regulasies voorgeskrywe,

bereik, moet die tydperk van onafgebroke oefening soos voorgeskryf vir die eerste jaar vir die A.B.M. met drie dae verminder word vir elke jaar bekwame diens na hulle sewentiende jaar en tot en met inbegrip van hul twintigste jaar. Hierdie vermindering is in toevoeging van die vermindering van tien dae voorgeskryf in paragraaf 26 vir kadette wat ooreenkomstig daardie paragraaf daarvoor kwalifiseer.

Kadette, 2de Klas.

28. Elke jonge wat by die Unie Kadette aansluit is 'n kadet van die 2de klas en om as bekwaam verklaar te kan word moet hy kwalifiseer in al die verpligte en een van die opsionele onderwerpe in Kursus I.

Kadette, 1ste Klas.

29. Kadette van die 2de klas, wat in Kursus I gekwalifiseer is, en "boy scouts" wat by die kadette aansluit en gekwalifiseer is as "Kings Scouts" of 1ste klas "scouts" sal 1ste klas kadette word en om bekwaam verklaar te kan word moet hulle kwalifiseer in al die verpligte en in een van die opsionele onderwerpe in kursus II.

Kursus I.

30. Kursus I.—Vir kadete, 2de klas.

VERPLIGTE ONDERWERPE.

(1) Dril.
(2) Skietkuns.—Gesigsoefening, afstand skat, instruksie in aanlê, versorging van wapens, jaarlikse kursus van miniatuur skietbaanoefening.
(3) Liggaamsoefening.

OPSIONELE ONDERWERPE.

(1) Semafoor-seine.
(2) Morse-seine.
(3) Knoop en bind.
(4) Gesondheidsleer vir die soldaat
(5) Verkenning.
(6) Kaartlees.
(7) Beuelblaas.
(8) Tamboerslaan.
(9) Swem.
(10) Betekenis van militêre uitdrukkinge.

Kursus II.

31. Kursus II.—Vir kadette, 1ste klas.

VERPLIGTE ONDERWERPE.

(1) Dril.
(2) Skietkuns.—Soos in Kursus I, en aanduiding van skywe, dele van die geweer, 'n jaarlikse kursus met koeëlpatrone, of van miniatuur skietbaanoefening soos gelas deur die H.G.S.
(3) Liggaamsoefening.
(4) Gesondheidsleer vir die soldaat.

OPSIONELE ONDERWERPE.

(1) Semafoor-seine
(2) Morse-seine.
(3) Eerste hulp.
(4) Verkenning.
(5) Veldsketa en kaartlees.
(6) Sjeniewerk.
(7) Beuelblaas.
(8) Tamboerslaan.
(9) Swem.
(10) Kokery in die kamp.
(11) Maximgeweer
(12) Enige ambag wat van besondere nut is by die diens soos die van skoenmaker, kleremaker, smid, saalmaker, ens.
(13) Betekenis van militêre uitdrukkinge.

Standaard van bekwaamheid.

32. Die standaard van bekwaamheid in dril, skietkuns en ander militêre onderwerpe is soos hieronder vermeld; en die standaar vir kadette, 1ste klas, sal die standaard wees soos vereis vir die doel van paragrawe 26 en 27, behalwe vir die eerste jaar van 'n jonge se diens as kadet, wanneer die wat voorgeskryf is vir kadette, 2de klas, van toepassing sal wees:—

(a) Dril.—Een van die volgende: Berede Infanterie, soos vir 'n manskap.

(*b*) Skietkuns.—Kadette, 2de klas, 35 persent en kadette, 1ste klas, 45 persent van die moontlike punte as die jaarlikse skietkursus geskiet word. Om 'n skerpskuttersonderskeidingsteken te kan verkry moet 80 persent van die moontlike punte behaal word.

(*c*) Liggaamsoefening.—Oefening soos goedgekeur.

(*d*) Gesondheidsleer vir die soldaat.—Kadette, 2de klas, moet kennis hê van die volgende onderwerpe in die oefeningshandboek vir kadette onder die hoof " Militaire Gesondheidsleer ": —

Gesondheid in die leër.
Oorsake van siekte.
Voorbehoedsels teen siekte
Water.
Voedsel.
Gesondheidsreëling in kasernes.

60 persent van die merke wat toegewys is moet behaal word.

Kadette, 1ste klas, moet 'n grondige kennis van bostaande onderwerpe hê en van—

Vernaamste siektes onder soldate.
Klere.
Gesondheidsreëling van die mars.
Gesondheidsreëling in die veld.

60 persent van die merke wat toegewys is moet behaal word.

(*e*) Semafoor-seine.—Kadette, 2de klas, moet berigte kan stuur en lees teen vier woorde 'n minuut. Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 90.

Kadette, 1ste klas, moet berigte teen ag woorde 'n minuut kan stuur en lees en kennis hê van die werk by 'n seinpos. Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 90.

Om 'n sertifikaat van bedrewenheid te kan behaal moet kadette berigte teen tien woorde 'n minuut kan stuur en lees met 95 persent juistheid, en ook kennis hê van die werk by 'n seinpos.

(*f*) Morse-seine.—Kadette, 2de klas, moet berigte met die vlag en heliograaf kan stuur en lees teen vier woorde 'n minuut. Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 90.

Kadette, 1ste klas, moet berigte met die vlag en heliograaf kan stuur en lees teen ses woorde 'n minuut met 90 persent juistheid. Hulle moet ook kennis hê van die werk by 'n seinpos en moet weet om 'n heliograaf te stel.

Om die onderskeidingsteken te kan behaal moet kadette berigte met die vlag en heliograaf kan stuur en lees teen ag woorde 'n minuut met 90 persent juistheid. Hulle moet ook kennis hê van die werk by 'n seinpos en moet weet om 'n heliograaf te stel.

(*g*) Eerste Hulp.—Kennis van—

(1) behandeling van allerhande beseringe.
(2) oplê van verbande;
(3) kunsmatige asemhaling;
(4) maniere om 'n beseerde persoon te dra;
(5) vervoer met 'n draagbaar.

50 persent van die merke wat toegewys is moet behaal word vir bekwaamheid.

Die eksamen moet deur 'n behoorlik gekwalifiseerde geneeskundige gehou word.

Om die onderskeidingsteken te kan behaal moet kadette 'n goedgekeurde eksamen in die ondervermelde onderwerpe met sukses aflê, waarvan die sillabus soos volg is: —

'n Kort beskrywing van die gebeente, die spiere en slagare.
Die beginsels van die bloedsomloop en asemhaling.
Die onderskeid tussen bloeiing uit die slagare, are en haaraartjies en hoe die bloed in elke geval gestelp word.
Waar die groot slagare geleë is.
Tekens van Leenbreuk en manier van behandeling.

Hoe om tydelike spalke te maak.
Behandeling van persone wat skynbaar verdrink of versmoor is.
Maniere om 'n driekantige verband te gebruik.
Behandeling van persone wat brandwonde gekry het, of wie se klere aan brand is, wat flou geword het of 'n oorval gekry het.
Maniere om 'n beseerde persoon te dra.

(*h*) Verkenning (Kadette, 2de klas).

(1) Moet kan rondgaan en sien sonder om gesien te word.
(2) Moet weet om gebruik te maak van ore en oë.
(3) Moet 'n kort en saaklik rapport kan maak van wat hy gesien en gehoor het.
(4) Moet die sestien hoofstreke van die kompas ken en 'n kompasrigting kan aanduie sonder behulp van daardie instrument.

50 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

Kadette, 1ste klas, net soos vir kadette, 2de klas, en bowendien moet kadette, 1ste klas:—

(1) Afstande, getalle, grootte en hoogte kan skat met nie meer nie as 20 persent fout.
(2) Bekend wees met die pad na enige plek binne 'n afstand van sewe myle van sy woonplaas af en 'n duidelike beskrywing kan gee van al die vernaamste voorwerpe langs die pad.
(3) Verstandige gevolgstrekkings kan maak van tekens soos stofwolke, spore, ens.
(4) 'n Elementêre kennis hê van kaartlees.

50 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

Om die onderskeidingsteken te kan verkry moet kadette slaag in die kursus van kadette, 1ste klas, en 60 persent behaal van die merke wat toegewys is.

(*i*) Kaartlees (vir kadette, 2de klas):—

(1) Moet bekend wees met die gebruiklike tekens en van die kompasstreke
(2) Moet kan duidelik maak die onderskeid tussen magnetiese en ware noord.
(3) Moet 'n militêre kaart kan lees.

50 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

(*k*) Veldskets en kaartlees.—Algemene kennis van die onderwerp soos omskryf in die oefeningshandboek vir kadette en bekwaamheid om 'n kaart volgens skaal te maak. Om bekwaamheid te kan bereik moet 50 persent van die merke wat toegewys is behaal word.

Om 'n sertifikaat van bedrewenheid te kan verkry moet 60 persent van die merke wat toegewys is behaal word.

(*l*) Sjeniewerk.—Kennis van die takke van sjeniewerk wat opgeneem word. 50 persent van die merke wat toegewys is moet behaal word om bekwaamheid te bereik en 60 persent om 'n sertifikaat vir bedrewenheid te verkry.

(*m*) Beuelblaas (kadette, 2de klas).—Moet die volgende sienjale kan blaas:—

Aantree, verdaag of geen parade nie, parade vir die wag, saluut vir die wag, ligte uit, kwartiersienjaal, ete vir manskappe (1ste en 2de sienjale), alarm en brandalarm.

Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 80.

Kadette, 1ste klas, net soos vir kadette, 2de klas, en daarby nog:—

Moresienjaal, aandsienjaal, eerste taptoe, laaste taptoe, klaarmaak vir parade, sersants van diens, offisiere, orders, offisiere klee vir aandete, offisiers aandete, storm.

Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 80.

Om die onderskeidingsteken te kan verkry moet 'n kadet bekwaam word in die kursus vir kadette, 1ste klas.

(*n*) Tamboerslaan (kadette, 2de klas).—Moet die lang roffel, die 7-slag en die 21-slag roffel kan slaan. 80 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

Kadette, 1ste klas, die bestaande en die 3-, 5-, 9-, 11- en 15-slag roffels en (2) moet weet hoe om 'n tamboer uitmekaar te haal, inmekaar te sit en te repareer. 80 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

Om 'n onderskeidingsteken te kan verkry moet 'n kadet bekwaam word in die kursus vir kadette, 1ste klas.

(*o*) Swem.—Kadette, 2de klas.—Moet 50 jaarts kan swem met klere aan (hemp, baadjie, broek, sokkies en seilskoene).

Kadette, 1ste klas.—Moet 75 jaarts kan swem met klere aan (hemp, baadjie, broek, sokkies en stewels).

Om 'n sertifikaat vir bedrewenheid te kan verkry moet 'n kadet 'n proef in die redding van menselewens deurgaan onder die toesig van deskundiges.

(*p*) Kokery in die kamp.—Kadette moet—

(1) 'n kookplek kan maak uit die materiale wat daar ooral te kry is en 'n vuur kan opmaak;

(2) twee eenvoudige soorte kos kan kook;

(3) tee, koffie en koko kan maak;

(4) brood kan bak en "stormjaërs" en pap kan maak.

60 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik.

(*q*) Maximgeweer.—Kennis van Maximgeweerdril, die meganisme van die geweer en hoe om foute reg te maak. 50 persent van die merke wat toegewys is moet verkry word om bekwaamheid te bereik en 60 persent om 'n sertifikaat van bedrewenheid te verkry.

(*r*) Knoop on bind (vir kadette, 2de klas).—Moet die volgende knope en verbindinge kan maak:—

Knope.—Duimknoop, die 8 figuur, platknoop, wewersknoop, dubbele wewersknoop, hieling, paalsteek, kniehalterslag, timmersteek, ankersteek, galeisteek, mantuigknoop, hoe om 'n vat te hys.

Verbindinge.—Reghoekige, kruis-, hysbok- en kraanverbinding.

Die persentasie van juistheid vereis vir bekwaamheid is 60.

(*s*) *Ambagte*.—Praktiese kennis van die ambagte wat opgeneem word.

Hierdie eksamens word gehou deur deskundiges wat sal beslis of die kadet bekwaam is of nie.

### DISIPLIENE.

33. Die aanwesige senior offisier of, as daar nie een is nie, die senior onderoffisier by 'n parade of byeenkoms van kadette gehou met die doel om kadetoefening uit te voer of militêre onderrig te ontvang, is verantwoordelik vir die behoorlike inagneming van die disipliene deur alle kadete wat by sodanige parade of byeenkoms aanwesig is. Hy moet ook sorg dat die oefening of onderrig met stipte inagneming van die disipliene uitgevoer word. Inagneming van die disipliene.

34. 'n Kadetoffisier of kadet mag nie deur openbare bespreking of deur 'n naamlose of ander meedeling aan die pers of deur die publikasie, direk of indirek, van aangeleenthede in verband met die Unie Kadette of enige afdeling daarvan, die gedrag van 'n offisier of kadet in die uitvoering van sy pligte volgens die Wet of hierdie regulasies, ongunstig beoordeel nie. Hy mag ook nie op daardie of dergelike maniere probeer om by kadetoffisiere en kadette 'n gees van ontevredenheid teen orders of instruksies wat op behoorlike gesag uitgereik is te verwek nie of aan sulke gevoelens uiting gee nie. Offisiere mag nie gekritiseer word nie.

Klagtes van offisiere. — 35. As 'n kadetoffisier dink dat sy bevelvoerende offisier hom onreg aangedoen het en hy, nadat hy hom behoorlik na daardie offisier gewend het, nie die reg kry wat hom na sy oordeel toekom nie, dan kan hy sy saak vir beslissing voorlê aan die Disso wat dit dan, as dit nodig is, na hoër gesag sal verwys.

Klagtes van kadette. — 36. As 'n kadet dink dat 'n kadetoffisier (wat nie sy bevelvoerende offisier is nie) of 'n kadet, hom onreg aangedoen het, kan hy by sy bevelvoerende offisier kla en as hy dink dat sy bevelvoerende offisier hom onreg aangedoen het deurdat hy op sy klagte geen reg gekry het nie, of in verband met enige ander saak, dan kan hy by die Disso deur die offisier in bevel van sy afdeling kla. Die offisier by wie 'n klagte gemaak word moet so 'n klagte laat ondersoek, en as hy na ondersoek oortuig is dat die klagte gegrond is, moet hy die nodige maatreëls neem om volle reg aan die klaer te laat geskied.

Die verongelykte persoon moet die klagte maak. — 37. 'n Klagte moet nie aangeneem of ondersoek word nie tensy dit ingebring word deur 'n persoon wat 'n grief het en reg wil verkry.

Howe van ondersoek. — 38. Howe van ondersoek kan deur die Disso byeengeroep word met die doel om hom te help om informasie in te win en tot 'n juiste gevolgtrekking te kom in verband met enige saak wat die orde en disipliene van die Unie Kadette raak. Dit is die plig van 'n hof van ondersoek om getuienis te versamel en rapport te doen met betrekkng tot die saak wat ondersoek word. In daardie rapport moet die hof egter nie 'n oordeel oor die gedrag van 'n kadetsoffisier of 'n kadet uitspreek nie.

Rade van ondersoek. — 39. Rade van kadetoffisiere kan deur die Disso byeengeroep word vir die doel om ondersoek in te stel na en rapport te doen oor sake wat nie 'n kwessie van disipliene raak nie. Hulle moet die reëls volg wat vir die handelinge van howe van ondersoek vasgestel is.

Kampe en bivakke. — 40. Die magtiging van die H.G.S. moet verkry word om 'n kamp of bivak te hou.

Veldmaneuwers. — 41. Die H.G.S. kan magtiging verleen om een of meer veldmaneuwers vir elke afdeling in elke oefenjaar te hou.

Erewagte. — 42. Kadette moet nie sonder die toestemming van die Disso 'n erewag vorm om in openbare verrigting deel te neem nie.

## Offisiere.

Aanstelling. — 43. Alle aanstellinge van kadetoffisiere onder artiekel *twee-en-sewentig* (2) van Wet word deur die Minister op aanbeveling van die H.G.S. gemaak.

Uitreiking van akte van aanstelling. — 44. By eerste aanstelling ontvang 'n kadetoffisier sy akte van aanstelling van die Minister.

Bekendmaking van aanstelling of bevordering. — 45. Die eerste aanstelling en die bevordering van kadetoffisiere word in Generale Orders bekend gestel.

Bevordering. — 46. Die bevordering van kadetoffisiere geskied met goedkeuring van die Minister op aanbeveling van die H.G.S.

Eksamen vir bevordering. — 47. Geen kadetoffisier kom vir bevordering tot 'n hoër rang in aanmerking nie tensy hy die eksamen, wat deur die H.G.S. goedgekeur is vir bevordering tot daardie rang, met sukses afgelê het.

'n Kadetoffisier kan nie vir bevordering kwalifiseer deur die aflê van enige eksamen vir bevordering tot 'n rang wat nie naasbo sy substantiewe rang is nie.

Hoogste rang. — 48. Kadetoffisiere moet nie 'n hoër rang as die van kaptein hou nie maar aan kadetoffisiere wat ag jaar onafgebroke diens deurgemaak het kan die honorêre rang van majoor toegestaan word.

Aanstelling. — 49. As daar 'n afdeling opgerig word of as daar 'n vakature ontstaan in die bevelvoering van 'n afdeling, word 'n offisier deur die H.G.S. aangestel om bevel te voer en sy aanstelling word in Generale Orders bekend gestel.

50. 'n Kadetoffisier wat die bevelvoering van 'n afdeling oorneem by eerste aanstelling of op proef moet die sertifikaat, voorgeskryf in Aanhangsel D, onderteken voor hy die bevelvoering aanvaar.

*Sertifikaat by verandering in bevel.*

Elke kadetoffisier wat die bevel van 'n afdeling oorhandig moet die sertifikaat, voorgeskryf in Aanhangsel D, onderteken.

51. 'n Offisier in elke afdeling kan aangestel word as adjudant en kwartiermeester van die afdeling en sal (mits daar geldelike voorsiening voor gemaak word in die Begroting soos deur die Parlement goedgekeur) betaling ontvang teen onderstaande tarief:—

*Adjudant en kwartiermeester.*

£30 'n jaar: In afdelinge wat 'n sterkte van honderd kadette of meer het;

£24 'n jaar: In afdelinge wat 'n sterkte van minder as honderd kadette het.

52. 'n Kadetoffisier bly 'n kadetoffisier en in die hoedanigheid is hy onderworpe aan die bepalinge van die Wet en die regulasies wat daaronder opgetrek is en die orders en instruksies wat daaronder uitgereik is, todat—

*Duur van diens.*

(i) hy sy ontslag ingedien het en sy bedanking aangeneem is;
(ii) van sy dienste afgesien is; of
(iii) hy uit die diens ontslaan is.

53. Die datum van ingang van die bedanking, afdanking of ontslag van 'n kadetoffisier word in Generale Orders bekend gestel.

*Bekendmaking van bedanking, ens.*

54. Elke kadetoffisier sal hom as bekwaam moet kwalifiseer in elke kadetoefenjaar volgens so 'n standaard en onder sulke voorwaardes as wat voorgeskryf is vir kadette (kyk paragraaf 23.)

*Bekwaamheidskwalifikasies.*

55. 'n Kadetoffisier wat weens siekte, langdurige afwesigheid uit die Unie of weens ander oorsake wat hom verhinder om as bekwaam te kwalifiseer, nie instaat is die pligte in verband met sy betrekking uit te voer nie, kan deur die H.G.S. aangesê word om sy ontslag in te dien.

*Offisiere wat weens seker oorsake nie kwalifiseer nie.*

56. 'n Kadetoffisier wat op enige manier te kort skiet in sy plig of wat hom anders aan wangedrag skuldig maak op 'n manier wat 'n offisier nie betaam nie kan deur die H.G.S. aangesê word om sy ontslag in te dien.

*Wangedrag.*

57. Die Minister kan afsien van die dienste van 'n kadetoffisier wat onder paragraaf 55 of 56 deur die H.G.S. aangesê is om sy ontslag in te dien en weier of in gebreke bly om dit te doen; met die voorwaarde dat as so'n offisier verkies om sy saak in verhoor te breng voor 'n hof van ondersoek, wat samegestel en byeengeroep is deur die H.G.S., daar dan geen maatreëls moet geneem word om van sy dienste af te sien nie voor die hof van ondersoek die saak ondersoek het.

*Afsien van dienste.*

58. Die Minister kan afsien van die diens van 'n kadetoffisier of hom ontslaan weens 'n oortreding van die Wet of hierdie regulasies of weens afwesigheid sonder verlof.

*Ontslag weens oortreding van die Wet of weens afwesigheid sonder verlof.*

59. Daar sal in verband met kadetoffisiere 'n "los lys" gehou word waarop die name geplaas moet word van die kadetoffisiere, wat deur omstandighede waaraan hulle nie skuld het nie, hul afdelinge moet verlaat en nie na ander afdelings oorgeplaas kan word nie. Hierdie offisiere behou hul aansiënniteit by die Unie Kadette maar hulle moet nie, behalwe op die aanbeveling van die Disso, vir 'n langer tydperk as twaalf maande op die "los lys" bly nie.

*Los lys.*

### Wapens, Uitrusting, Klere, Ens.

60. Wapens, uitrusting, klere en ander benodighede word (mits daar geldelike voorsiening voor gemaak word in die Begroting soos deur die Parlement goedgekeur) op Staatskoste verskaf en onderhou en deur middel van distrikstafoffisiere, volgens skaal, vir die gebruik van kadette uitgereik. Hierdie artiekels is en bly Goewermentseiendom.

*Verskaffing en onderhoud van wapens, uitrusting, ens.*

**Skaal van wapens en uitrusting.**

61. Die skaal van wapens en uitrusting wat aan kadette kan uitgereik word is soos volg:—

| | |
|---|---|
| Geweers met bande ... ... ... ... | 1 vir elke kadetoffisier. |
| Geweers met bande ... ... ... ... | 1 vir elke 10 kadette, 1ste klas. |
| Drilgeweers ... ... ... ... ... ... ... | 1 vir elke kadet, 1ste klas, wat 110 pond of swaarder weë. |
| Drilkarabyne ... ... ... ... ... ... | 1 vir elke 2 kadette. |
| Geweers, miniatuur ... ... ... ... | 1 vir elke 15 kadette. |
| Wisteruittrekkers ... ... ... ... ... | 1 vir elke afdeling. |
| Korrelbeskermers ... ... ... ... ... | 1 vir elke geweer. |
| Olieflesse ... ... ... ... ... ... ... | 1 vir elke karabyn of geweer. |
| Deurtrekkers ... ... ... ... ... ... | 1 vir elke karabyn of geweer. |
| Bandelier of lyfband met sakkie | 1 vir elke kadet. |
| Sam Browne lyfband ... ... ... ... | 1 vir elke student-kadetoffisier. |
| Semafoorvlae, paar ... ... ... ... | 1 vir elke twee kadette. |
| Militêre seinvlae, wit met streep, 2 vt. in vierkant | 3 vir elke afdeling.* |
| Militêre seinvlae, blou, met streep, 2 vt. in vierkant | 3 vir elke afdeling.* |
| Vlagstokke, 3 vt. 6 dm. ... ... ... | 6 vir elke afdeling.* |
| Beuel met koord ... ... ... ... ... | 1 vir elke 15 kadette. |
| Landskapskyf, gekleur, 3 panele | 1 vir 100 kadette of gedeelte daarvan. |
| Skietrus ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 vir elke 25 kadette. |
| Drievoete ... ... ... ... ... ... ... | 2 vir elke 25 kadette. |
| Rigkorrekters ... ... ... ... ... ... | 2 vir elke 50 kadette. |
| Le Gret rigwyster ... ... ... ... | 2 vir elke 50 kadette. |
| Rigskyf ... ... ... ... ... ... ... ... | 2 vir elke 50 kadette. |
| Valspatrone ... ... ... ... ... ... ... | 30 vir elke 100 kadette. |

**Geweer-rakke en kaste en ander benodighede.**

62. Geweer- of karabynrakke of kaste en ander nodige goedere kan op magtiging van die H.G.S. uitgereik word.

**O. in B. van afdeling verantwoordelik vir goewerne-mentseiendom.**

63. Die O. in B. van die afdeling is verantwoordelik vir alle goewermentseiendom wat aan die afdeling uitgereik is en van hom kan gevorder word om enige verlies van of skade aan goewermentseiendom, veroorsaak deur nalatigheid, wangedrag of sorgloosheid, goed te maak. Hy moet ook sorg dat alle goewermentseiendom wat aan die afdeling uitgereik word in 'n bruikbare toestand en in alle opsigte kompleet gehou en enige tyd vir inspeksie vertoon word.

**Lys van uitgereikte goedere.**

64. 'n Behoorlike lys van alle goewermentseiendom uitgereik aan kadetkorpse en afdelings, moet onder die toesig van die distrikstafoffisier gehou word ooreenkomstig sulke instruksies in verband met die hou en nasien van bedoelde lyste as wat die K.M.G. van tyd tot tyd mag uitvaardig.

**Wapens moet na wapenkamer teruggebring word.**

65. Die O. in B. van die afdeling moet sorg dat 'n kadet sy wapens en uitrusting elke keer nadat dit gebruik is terugbring na die wapenkamer of ander plek wat daarvoor bestem is.

**Inspeksie van geweers.**

66. Die K.M.G. moet, vir sover as moontlik is, jaarliks alle geweers, behalwe drilgeweers, laat inspekteer deur 'n wapensmid wat die wapens moet repareer en skoonmaak as dit nodig is.

**Verlies van wapens of uitrusting.**

67. As daar 'n verlies van wapens, uitrusting of ander Staatsgoedere ontdek word, moet die O. in B. van die afdeling dadelik die omstandighede in verband met die verlies skriftelik rapporteer aan sy distrikstafoffisier wat dan sal handel ooreenkomstig die instruksies soos van tyd tot tyd voorgeskryf deur die K.M.G.

**Uitreiking van ammunisie.**

68. Ammuniesie kan jaarliks op Staatskoste uitgereik word ooreenkomstig die volgende skaal:—

(*a*) Aan kadetoffisiere en kadette, 1ste klas, 50 koeëlpatrone vir geweer en 100 miniatuur geweerpatrone.

(*b*) Aan kadette vir wie nie voorsiening in (*a*) gemaak is nie, 200 miniatuur geweerpatrone.

(*c*) Loskruit patrone soos vereis word, maar nie meer nie as 50 patrone vir elke kadet.

---

* As die sterkte van 'n afdeling meer as 100 is, kan die H.G.S. die uitreiking magtig van ekstra vlae en vlagstokke na verhouding.

*Uniform vir offisiere.*

69. Die uniformklere vir kadetoffisiere, behalwe studente wat offisiersrang beklee, sal bestaan uit die artiekels (wat kosteloos uitgereik mag word) soos vermeld in die volgende skaal:—

| | |
|---|---|
| Helm, veldkleur, met helmband en leer kinband | 1 |
| Flitse | 2 |
| Onderskeidingsteken vir helm | 1 |
| Baadjie | 1 |
| Rybroek | 1 |
| Kamaste, bruin leer (paar) | 1 |
| Enkelskoene, bruin (paar) | 1 |
| Handskoene, hondeleer of bokleer, bruin (paar) | 1 |
| Hemp met boordjie | 1 |
| Das | 1 |
| Fluit en koord | 1 |
| Lyfband, Sam Browne | 1 |

*Toelae in plaas van uniform.*

70. Aan kadetoffisiere, behalwe studente, kan 'n toelae van £15 toegestaan word in plaas van die volle uitgifte soos in paragraaf 69 voorgeskryf. Van 'n kadetoffisier kan gevorder word om enige artiekel of artiekels, of die stof daarvoor, uit die krygsbehoeftemagasyn te verkry en die uitgifteprys van die artiekels wat só verkry is kan teen die toelae opgebring word. Die toelae of enige deel daarvan word net betaal nadat daar bevredigende bewys gelewer is dat die kadetoffisier hom van al die voorgeskrywe artiekels voorsien het teen 'n koste van nie minder nie as £15; met die voorwaarde dat dit 'n kadetoffisier vergun mag word om een broek en een uniformpet uit die saldo van die £15 te koop, as daar 'n saldo is.

*Aanvullings-toelae.*

71. Aan kadetoffisiere, behalwe studente, kan 'n aanvullingstoelae van £2. 10s. 'n jaar toegestaan word nadat hulle vier jaar diens in daardie hoedanigheid voltooi het.

*Ander uitrusting-artiekels.*

72. Aan kadetoffisiere, behalwe studente, kan dit vergun word om die ondergemelde artiekels teen betaling aan te vra, maar hulle sal nie geregtig wees om die prys daarvan of enig gedeelte daarvan teen die £15 toelae, soos voorgeskryf in paragraaf 70, op te bring nie:—

| | |
|---|---|
| Reentjas | 1 |
| Jas | 1 |
| Knapsak | 1 |
| Waterfles en houer | 1 |

*Uniform v[ir] student-offisiere.*

73. Die uniformklere vir studente wat offisiersrang beklee, sal bestaan uit die artiekels (wat kosteloos uitgereik word) soos vermeld in die volgende skaal:—

| | |
|---|---|
| Helm, veldkleur, met helmband en leer kinband | 1 |
| Flitse | 2 |
| Onderskeidingsteken vir hoed | 1 |
| Hemp | 1 |
| Onderskeidingstekens van rang (stelle) | 1 |
| Fluit en koord | 1 |
| Kniebroek | 1 |
| Beenbande (paar) | 1 |

*Onderhoud van unifor[m].*

74. Alle kadetoffisiere moet hul uniformklere in 'n bruikbare toestand onderhou.

*Uniform v[ir] kadette.*

75. Die uniformklere vir kadette sal bestaan uit die artiekels (wat kosteloos uitgereik word) soos vermeld in die volgende skaal:—

| | |
|---|---|
| Hoed, vilt, veldkleur | 1 |
| Hoedband, veldkleur | 1 |
| Onderskeidingsteken vir hoed | 1 |
| Hemp, veldkleur | 1 |
| Kniebroek, veldkleur | 1 |

*Tydperk v[an] bruikbaarheid van kledingstukke.*

76. Die verskillende onderskeidende kledingstukke sal vir minstens die volgende tydperke bruikbaar moet bly:—

| | |
|---|---|
| Hoed, vilt, met onderskeidingsteken en hoedband | 3 jaar. |
| Hemp | 3 ,, |
| Kniebroek | 3 ,, |

*Wanneer uniform verwaarlo[os] of buitens[tyds] gedra wor[d].*

77. As die O. in B. van 'n afdeling van oordeel is dat 'n kadet sy onderskeidende kleding nie goed oppas nie of dit buitenstyd dra, moet hy hom gelas om sy onderskeidende kleding elke keer wat hy dit gebruik het na die magasyn terug te bring.

Uniform moet na goeddunke van die O. in B. na die magasyn teruggebring word.

78. Die O. in B. van 'n afdeling kan, na goeddunke, 'n kadet gelas om enige van sy onderskeidende kledingstukke na die magasyn terug te bring elke keer wat dit gebruik word.

Onderhoud van kadet-uniform.

79. Behalwe soos voorgeskryf in paragrawe 77 en 78 moet elke kadet altyd die uniformartiekels wat aan hom uitgereik is in sy besit hê en dit in 'n bruikbare toestand onderhou. Hierdie artiekels sal die eiendom van die afdeling bly totdat dit deur redelike slytasie onbruikbaar geword het.

Vervanging van beskadigde artiekels.

80. Die O. in B. van 'n afdeling kan 'n kadet gelas om 'n ander artiekel in die plek te stel van een wat ontbreek of wat onbruikbaar geword het weens iets anders as redelike slytasie; die artiekel, wat die ander vervang word dan uitgereik en die prys daarvan ingevorder van die kadet.

Uniform moet teruggegee word by ontslag.

81. As 'n kadet 'n afdeling verlaat moet al sy onderskeidende kledingstukke sonder uitsondering by die magasyn terugbesorg word.

Toelae in plaas van uniform.

82. 'n Jaarlikse toelae van 10s. vir elke kadet kan in plaas van die uitgifte van uniformkleding betaal word aan kadetafdelings wat verlang om hul eie uniforms te koop, die model waarvan egter deur die Minister goedgekeur moet word. Hierdie geld moet deur die B.O. van die afdeling in 'n aparte rekening gehou word en moet net vir die instandhouding van die kleding gebruik word. Die toestemming van die distrikstafoffisier moet in alle gevalle verkry word voor kleding teen hierdie rekening gekoop word. As 'n afdeling die aanvangstoekenning trek, kan die H.G.S. die uitbetaling magtig van 'n toelae van nie meer nie as £1 vir elke kadet op voorwaarde dat enige bedrag bo 10s. afgetrek sal word van die jaarlikse toelae betaalbaar vir die volgende jaar.

Afdelings-onderskeidingstekens.

83. Afdelings kan, op eie koste, onderskeidingstekens vir afdelings aanskaf, wat gedra moet word op die regterbors. Alle onderskeidingstekens moet deur die H.G.S. goedgekeur word.

Bydraes vir die instandhouding van uniforms mag nie van kadette gevorder word nie.

84. Behalwe in die geval van skool-onderskeidingstekens moet geen bydrae tot die instandhouding van onderskeidende kledingstukke, hetsy in kontant of goed, van kadette, hul bloedverwante of vrinde gevorder word nie.

Wanneer uniform gedra mag word.

85. Uniform moet net gedra word as die O. in B. van die afdeling dit gelas en by geen ander geleentheid nie.

Magtiging vir ander uitgawes.

86. Behalwe soos bepaal in hierdie regulasies, of in die orders en instruksies wat op las van die Minister uitgevaardig is, moet geen uitgawes in verband met kadetafdelings op Staatskoste aangegaan word nie sonder dat die toestemming van die H.G.S. eers verkry is.

### FINANSIËLE REGULASIES.

Algemene uitgawes.

87. Onderworpe aan die goedkeuring van die Minister en in ooreenstemming met sulke instruksies as die H.G.S. mag uitvaardig, kan uitgawes vir die Unie Kadette onder die volgende hoofde uit die Staatskas betaal word:—

(i) Onkoste soos spoorvrag, transport en bergloon, in verband met die uitreiking van wapens, uitrusting of klere wat die eiendom van die Goewerment is.

(ii) Verskaffing van hoofkwartiere vir afdelings; kantore, pakhuise, drillokale en terreine, met inbegrip van meubels; brandstof, lig, water en gesondheidsdienste in verband daarmee; en ander geriewe wat nodig is vir die militêre bekwaamheid en behoorlike organisasie van die afdelings.

(iii) Betaling van pakhuisbediendes en naturellearbeiders.

(iv) Instandhouding en reparasie, nodig as gevolg van redelike slytasie, van wapens, montering en uitrusting, ens., wat op Staatskoste verskaf word.

(v) Onkoste in verband met die vervoer van offisiere, onder-offisiere en kadette, hul perde en bagasie en kampuitrusting na, van en by geoutoriseerde kampe of parades. In die geval van veldmaneuwers waarvoor magtiging verleen is onder paragraaf 41 moet die vervoerkoste by enige geleentheid nie hoër wees nie as 2s. vir elke kadet.

(vi) Verskaffing van die nodige skryfbehoeftes en boeke vir kantoorgebruik.

(vii) Publikasie van orders in koerante.

(viii) Verskaffing van brandstof, lig, water en arbeid by goedgekeurde oefenkampe.

(ix) Onkoste vir die was van kombêrse wat by kampe gebruik word.

(x) Vry geneeskundige behandeling vir kadette wat onbekwaam geword het weens siekte of letsel veroorsaak op of deur kadetoefening.

(xi) Ander uitgawes wat spesiaal deur die Minister goedgekeur is mits sy goedkeuring verkry word voor die onkoste gemaak word

(xii) Verskaffing van rantsoene en onvoorsiene onkoste in verband met veldmaneuvers, soos voorgeskryf onder paragraaf 41, teen 'n bedrag van nie meer nie as 4s. vir elke kadet.

88. Tot dekking van die onkoste in verband met die administrasie van afdelings waarvoor anders by hierdie regulasies nie voorsiening gemaak is nie word aan elke afdeling 'n toekenning vir bykomende uitgawes betaal van nie meer as drie shillings 'n jaar vir elke kadet op die naamlys van 'n afdeling by die begin van elke oefenjaar (1 Januarie) en van nie meer nie as een shilling en ses pense vir elke kadet wat by die oprigting op die naamlys staan van 'n nuwe afdeling wat in enige oefenjaar nie later nie as die 30ste Junie gevorm is. Geen uitgawes mag egter deur B.O.'s teen hierdie toekenning gedebiteer word nie tensy dit deur die distrikstafoffisier aanbeveel en deur die H.G.S., of die K.M.G. in die geval van terugvorderinge op rekening van ontbrekende of beskadigde goewermentsgoedere, goedgekeur is. (Vir besonderhede van uitgawes wat teen hierdie toelae in rekening kan gebring word, kyk orders en instruksies, paragraaf 72 (vi). Toelae vir bykomende uitgawes.

89. Die saldo van hierdie toelae moet nie op die volgende jaar oorgebring word nie nadat die rekening vir 'n besondere oefenjaar reeds vereffen is. As daar 'n saldo is, moet dit teruggestort word.

90. Om die skietkursus wat vir kadette voorgeskryf is te kan uitvoer, kan die onkoste in verband met— Skietbane.

(i) die konstruksie en instandhouding van skietbane;

(ii) uitrusting daarvan met die nodige toestelle;

(iii) die verskaffing van die vereiste personeel om die werk van merkers en oppassers van skietbane uit te voer,

betaal word uit die bedrag daarvoor deur die Parlement beskikbaar gestel.

### Kampe en Kamptoelae.

91. Die kursus van oefening en instruksie in jaarlikse kadetkampe sal nie langer as ses dae mag duur nie sonder dat die spesiale goedkeuring van die Minister vooraf verkry is. Duur van oefening in kampe.

92. Vir daardie ses dae, of vir sulke langer tydperk as wat die Minister mag goedkeur, kan kadette rantsoene op Staatskoste ontvang of anders 'n toelage in plaas van rantsoene tot 'n bedrag van nie meer nie as 1s. 6d. 'n dag. Verskaffing van rantsoene.

93. Aan kadetoffisiere wat 'n kamp bywoon word 'n toelae teen 12s. 6d. 'n dag toegestaan, bereken soos volg:— Kamptoelae vir offisiere.

(i) Vir elke volle dag van 24 uur, die toelae vir 'n dag.

(ii) Vir elke volle uur bo 24 uur of veelvoud van 24 uur, 1/24ste van die toelae vir 'n dag.

(iii) (a) Vir afwesigheid van minder as 24 uur maar nie minder nie as 12 uur, mits dit nodig is slaapplek te huur, die toelae vir 'n volle dag;

(b) as dit nie nodig is slaapplek te huur nie, die helfte van die toelae vir 'n dag.

(iv) Vir afwesigheid van minder as 12 uur, die werklik gemaakte onkoste maar nie meer nie as die helfte van die toelae vir 'n dag.

Voer of voertoelae vir berede offisiere.

94. In gevalle waar perde spesiaal toegestaan is aan offisiere wat berede diens moet doen, kan perdevoer of 'n kontante toelae van nie meer nie as 1s. 6d. 'n dag getrek word vir elke dag van die gemelde ses dae of langer tydperk soos voormeld.

Reistoelae vir kadette.

95. Aan elke kadet word 'n toelae soos volg betaal vir kos en verversings terwyl op reis na en van kadetkampe:—

Vir 'n reis van meer as vier maar nie meer as ag uur nie, 9d.

Vir 'n reis van meer as ag maar nie meer as twaalf uur nie 1s. 6d.

Vir 'n reis van meer as twaalf uur, rantsoene vir 'n dag of die toelae in plaas daarvan.

Kamp-inrigtinge.

96. Die regulasies vir die oprigting van kamp- en resjimentsinrigtings, A.B.M., is, met die nodige veranderinge, ook van toepassing op kadette.

Reëling vir vervoer.

97. As kadette 'n aansienlike afstand moet reis om as deel van die voorgeskrewe kursus in die skietkuns met koëlpatrone te gaan skiet, dan kan sulke reëlings vir hul vervoer as wat die Minister mag goedkeur op Staatskoste gemaak word.

Toelae by skiet- of ander kursusse.

98. As dit aan kadetoffisiere toegestaan word om 'n kursus in die skietkuns of ander kursus by die Militêre Skool by te woon dan kan toelaes, ens., in verband met sodanige bywoning aan hulle toegestaan word onder dieselfde voorwaardes as wat van toepassing is op offisiere van die Aktiewe Burgermag.

Toelaes by spesiale geleenthede.

99. Die bepalinge van paragrawe 8 en 9 van die Regulasies vir Soldy en Toelaes, Aktiewe Burgermag, kan met goedkeuring van die Minister toegepas word op kadetoffisiere wat in 'n hof van ondersoek of 'n eksamen-kommissie moet sit of wat die voorgeskrywe kwalifikasie-eksamen in militêre onderwerpe moet aflê.

## AANHANGSEL A.

### Kadette van die Unie van Suidafrika.

### Vorm van Registrasie.

Registrasie No....................................
Militêre Distrik..................................
Magistraatsdistrik................................

(Noot.—Bostaande besonderhede word deur die Distrikstafoffisier ingevul.)

Gee hieronder in duidelike handskrif in ink op:—

1. Die volle naam van die jonge..........................................
2. (a) Die jaar van sy geboorte (in syfers)...............................
   (b) Sy ouderdom (in syfers).............................................
3 Sy geboorteplek..................................................................
4. Sy nasionaliteit.... ..........................................................
5. Die volle naam, permanente woonplek en posadres van die jonge se ouer, voog of ander persoon wat in die plek staan van die ouer.
   Volle naam..........................................................
   Nommer van huis en naam van straat.........................; of
   Naam en geregistreerde nommer van plaas.....................
   Poskantoor..........................................................
   Magistraatsdistrik..................................................
   Provinsie...........................................................
6. As hy op skool is, die naam en adres daarvan..........................
   ......................................................................................
7. As hy in diens is, die naam van die werkgewer...........................
   adres van die werkgewer.................................
8. Teken u naam onder die volgende verklaring:—
   Ek die ondergetekende verklaar hiermee plegtig dat ek in hierdie opgaaf die volle en juiste besonderhede, wat ooreenkomstig die Wet van my vereis word, opgegee het.

Handtekening.......................................

Datum......................................
Plek.........................................
Ontvangsbewys No......... uitgereik deur my.

.........................................................
Distrikstafoffisier.

## AANHANGSEL B.

### KADETTE VAN DIE UNIE VAN SUIDAFRIKA.

### VORM VAN SERTIFIKAAT VAN VRYSTELLING VAN KADETOEFENING.

Hiermee word gesertifiseer dat (*a*).................................... vrygestel is van kadetoefening ooreenkomstig artiekel *vyf-en-sewetig* van die Suidafrika Verdedigings Wet, 1912; (*b*).............

..........................................

Plek........................................

Datum......................................

..........................................................
Distrikstafoffisier.

(*a*) Skryf in die volle naam van die jonge.

(*b*) Skryf in "aangesien hy gesertifiseer is as permanent geneeskundig ongeskik" of "vir 'n tydperk van een jaar van datum af, aangesien hy gesertifiseer is as geneeskundig ongeskik vir daardie tydperk," of "op versoek van sy ouer (of voog)."

NOOT.—'n Jonge wat gesertifiseer is as ongeskik vir 'n bepaalde tydperk moet by die end van daardie tydperk weer geneeskundig ondersoek word om te sien of hy geskik is vir kadetoefening.

---

## AANHANGSEL C.

### KADETTE VAN DIE UNIE VAN SUIDAFRIKA.

### SERTIFIKAAT VAN BEKWAAMHEID EN ONTSLAG.

Ek sertifiseer hiermee dat No......... Rang.......................... Volle naam......... ............................................

(*a*) in die Unie Kadette was en daarin gewone diens gedoen het van..................................tot.............................. en verlengde diens van......................tot.......................;

(*b*) bekwaam was, ooreenkomstig die regulasies, vir die jare .........................gewone diens, en vir die jare.................. verlengde diens;

(*c*) die volgende onderskeidingstekens verdien het:—
..............................................................................
..............................................................................
..............................................................................
..............................................................................
..............................................................................

(*d*) uit die Unie Kadette ontslaan is weens......................... op die.......................................

..........................................................
Distrikstafoffisier.

Te...............................................

Militêre Distrikt No...................

Datum.......................................

## AANHANGSEL D.

### Kadette van die Unie van Suidafrika.

### Sertifikaat van Verandering van Bevelvoering.

Ek sertifiseer dat ek aan.......................................................... die wapens, uitrusting, klere, boeke en alle andere goewermentseiendom oorhandig het en dat ek hom ingelig het omtrent al die onbetaalde skulde van die............... ........................................ Kadette tot op hierdie datum.

Plek.........................................

Datum.......................................

Handtekening.......................................

In bevel van.................Kadette.

---

Ek sertifiseer dat ek van.......................................................... die wapens, uitrusting, klere, boeke en alle andere goewermentseiendom in besit van die.......................................Kadette in 'n goeie toestand en tot my voldoening oorgeneem het en dat ek gewillig is om die verantwoordelikhede in verband met die bevelvoering op my te neem.

Plek.........................................

Datum.......................................

Handtekening.......................................

In bevel van.................Kadette.

---

## REGULASIES VIR HOWE INGESTEL KRAGTENS ARTIEKEL *NEGE* VAN DIE SUIDAFRIKA VERDEDIGINGSWET, 1912.

1. As dit verlang word om te ondersoek of iemand om enige van die redes wat in artiekel *nege* van die Verdedigingswet, 1912, uiteengesit is, nie toegelaat moet word om in die Unie Verdedigingsmag diens te doen nie, kan 'n hof van ondersoek byeengeroep word op die manier soos deur regulasie bepaal, met die voorwaarde egter dat so'n hof net met die goedkeuring en onder die gesag van die Minister byeengeroep kan word.

2. Die gemelde hof sal die hof wees wat in artiekel *nege* van die Verdedigingswet bedoel is en die byeenroep en verrigtinge daarvan moet ooreenkomstig Reël 124 van die Reëls van Prosedure geskied.

3. 'n Sertifikaat wat die notule van die veroordeling van 'n persoon deur 'n siviele hof of 'n krygsraad weens 'n misdaad sertifiseer en wat geteken is deur die griffier van die siviele hof of deur 'n amptenaar wat die notule van die bedoelde hof in sy bewaring het of deur 'n persoon wat die notule van die gemelde krygsraad in sy bewaring het sal voldoende bewys wees dat die persoon wat in die notule genoem word weens die bedoelde misdaad veroordeel is.

4. Die hof van ondersoek moet aantekening maak van sy uitspraak of die persoon oor wie die ondersoek gehou word, weens 'n skandelike of lae misdaad veroordeel is of nie en of hy as 'n persoon van slegte gedrag bekend staan of nie.

5. Die bedoelde uitspraak moet met al die notule van die hof van ondersoek aan die Minister gestuur word.

6. Die Minister moet die persoon oor wie die ondersoek gehou word in kennis laat stel van die uitspraak van die hof van ondersoek en as dit uit die uitspraak blyk dat so'n persoon weens 'n skandelike of lae misdaad veroordeel is of bekend staan as iemand van slegte gedrag, moet die Minister so'n persoon uit die Verdedigingsmag laat ontslaan as hy tydens die ondersoek daarby diens doen of, as hy tydens die ondersoek nie by bedoelde mag diens doen nie, hom in kennis laat stel dat hy nie toegelaat sal word om in die Verdedigingsmag diens te doen nie.

7. As dit verlang word om te ondersoek of iemand nie toegelaat moet word om as 'n kadet diens te doen nie weens enige van die redes in artiekel *nege* van die Verdedigingswet uiteengesit, kan die Hoof van die Generale Staf, of 'n offisier, wat in sy plek aangestel is, die saak ondersoek; en hy sal die hof uitmaak wat in die gemelde artiekel bedoel is.

8. Regulasies 3, 4, 5 en 6 van hierdie regulasies sal met die nodige veranderinge van toepassing wees op enige ondersoek wat in hierdie verband deur die Hoof van die Generale Staf, of 'n offisier, wat in sy plek aangestel is, gehou word.

---

## UITTREKSELS UIT DIE SUIDAFRIKA VERDEDIGINGSWET, 1912 (SOOS GEWYSIG DEUR WET No. 22, 1922), IN VERBAND MET KADETTE.

---

### ARTIEKEL 6.

" 6. In stedelike of andere dichtbevolkte streken waarin gemakkelik voorziening gemaakt kan worden voor de behoorlike oefening van kadetten, kunnen alle jongens tussen hun dertiende en zeventiende jaar (beide ingesloten) vereist worden jaarliks een voorgeschreven kursus van kadet-oefening te ondergaan, tenzij hun ouders of voogden daartegen schriftelik bezwaar maken."

### ARTIEKEL 9.

" 9. Indien een hof, volgens voorschrift aangewezen, bevindt dat enig persoon veroordeeld is geweest wegens enige schandelike of lage misdaad; of berucht is wegens zijn slecht zedelik gedrag dan zal aan die persoon niet toegestaan worden dienst te nemen bij de verdedigingsmacht of als kadet."

### ARTIEKELS 71, 72, 73 EN 75.

" 71. (1) Alle jongens die gehouden zijn kadetoefening mee te maken in enige kring zullen in zulke getallen en op zulke plaatsen en op zulke tijden worden bijeengebracht als door de voorgeschreven autoriteit mochten worden bepaald en zullen bij zulke bijeenkomsten onderricht worden in lichaamsoefeningen, militaire opstellingen, schieten, seinen en zulke andere oefeningen als voorgeschreven mochten worden.

(2) De jaarlikse kursus en het tijdperk van instruktie die elke jongen die onderworpen is aan kadetoefening minstens moet meemaken zullen volgens voorschrift zijn.

(3) Een kadet die de voorgeschreven kursus van instruktie voor enig jaar heeft meegemaakt en zich bekwaam heeft getoond zal geacht worden een bekwaam kadet voor dat jaar te zijn en indien

hij aldus bekwaam wordt geoordeeld gedurende minstens drie jaren en zijn gedrag tijdens de instruktie in kadetoefeningen bevredigend gebleken is dan zal hij gerechtigd zijn wanneer hij de leeftijd van zestien jaren bereikt om een certifikaat van bekwaamheid in de voorgeschreven vorm te ontvangen."

"72. (1) Schoolmeesters en anderen die lid zijn van de Kustgarnizoen of Aktiewe Burgermacht en een kommissierang bekleden of zich gekwalificeerd hebben voor een benoeming tot kommissierang bij een van die machten, kunnen benoemd worden tot officieren van kadetkorpsen en hun dienst als officieren van kadetkorpsen zal medegerekend worden als dienst met kommissierang bij de Verdedigingsmacht.

(2) De voorgeschreven autoriteit kan andere geschikte burgers benoemen tot honoraire kadetofficieren van kadetkorpsen, doch burgers die aldus benoemd zijn zullen geen kommissierang bij de Verdedigingsmacht bekleden en evenmin zal hun dienst als honoraire kadetofficieren medegerekend worden als dienst bij de macht."

"73. (1) Alle wapenen, ammunitie en uitrustingen voorgeschreven voor kadetoefeningen zullen op Staatskosten onder voorgeschreven voorwaarden worden uitgereikt.

(2) De kosten van het voorgeschreven onderricht aan kadetten zullen door de Staat worden gedragen."

"75. Een jongen die gehouden is kadetoefening mede te maken zal daarvan niet vrijgesteld worden tenzij de voorgeschreven geneeskundige autoriteit certificeert dat hij daarvoor geneeskundig ongeschikt is; of tenzij de ouder van die jongen, zijn voogd of andere persoon, die in de plaats van ouder handelt, de voorgeschreven ambtenaar schriftelik verzoekt dat die jongen van kadetoefening vrijgesteld worde, en hij met betrekking tot die jongen een vrijstellingscertifikaat ontvangt van die ambtenaar."

---

## UITTREKSELS UIT DIE SUIDAFRIKA VERDEDIGINGSWET WYSIGINGSWET, 1922, IN VERBAND MET KADETTE.

---

ARTIKELS 7 EN 8.

**Uniform-toelage en toelage voor bijkomende uitgaven voor kadetten.**

"7. (1) Uniform-kleding voor kadetofficieren en kadetten kan worden voorgeschreven en uitgereikt volgens de voorgeschreven schalen en onder de voorgeschreven voorwaarden, en de kosten daarvan worden bestreden uit gelden door het Parlement daarvoor beschikbaar gesteld.

(2) Mits geldelik daarin voorzien wordt door het Parlement, kan ten aanzien van elke kadet een jaarlikse toelage van een voor te schrijven bedrag onder voor te schrijven voorwaarden worden toegestaan, teneinde diverse onkosten en uitgaven van kadetafdelingen te bestrijden."

**Verlenging van de diensttijd van kadetten.**

"8. Niettegenstaande tegenovergestelde bepalingen in artikel *zes* van de Zuid-Afrika Verdedigingswet, 1912, kunnen jongens, die hun opvoeding genieten aan een school waar een kadetafdeling ingesteld is, voortgaan om, terwijl zij scholieren van die school blijven, hun oefening als kadetten tot en met hun twintigste jaar te ontvangen. Elk tijdperk van zulk een oefening vanaf de eerste dag van Julie in hun zeventiende jaar kan worden gerekend te gelden boven en behalve de voorziening gemaakt in artikel *zes* van deze wet, als gelijk staande met oefening in vredestijd bij de Aktieve Burgermacht in zodanige mate en onder zulke voorwaarden als worden voorgeschreven."

## KADETTE VAN DIE UNIE VAN SUIDAFRIKA.

# ORDERS EN INSTRUKSIES.

### OPRIGTING, STERKTE EN BENAMING VAN AFDELINGS.

**Oprigting van afdelings.**

1. Aansoek om 'n nuwe afdeling op te rig moet by die distrikstafoffisier gedoen word en moet volle besonderhede bevat van die aantal wat vir inskrywing beskikbaar is en ook die name van geskikte persone vir aanstelling as offisiere.

**Oprigting moet goedgekeur word.**

2. Alle aansoeke om nuwe afdelings op te rig moet aan die H.G.S. gestuur word vir sy goedkeuring.

**Organisasie.**

3. Afdelings word verdeel in troepe en eskadrons, of pelotons en kompanjies na gelang afdelings in berede- of infanteriedril onderrig word.

**Sterkte van afdeling.**

4. (*a*) 'n Luitenant of 2de luitenant kan vir elke troep of peloton aangestel word.

(*b*) Elke eskadron moet uit twee, drie of vier troepe bestaan en elke kompanjie moet uit twee, drie of vier pelotons bestaan en albei kan 'n kaptein as bevelvoerder hê.

(*c*) Vir elke eskadron of kompanjie moet daar 'n eskadron- of kompanjiesersant-majoor en 'n sersant-kwartiermeester wees.

(*d*) As 'n afdeling uit meer as vier troepe of pelotons bestaan dan moet dit in twee of meer eskadrons of kompanjies verdeel word.

(*e*) As 'n afdeling uit twee of meer eskadrons of kompanjies bestaan dan kan 'n offisier met die rang van kaptein as bevelvoerder van die afdeling aangestel word benewens die offisiere wat aangestel is as bevelvoerders van die eskadrons of kompanjies en dan kan ook 'n resjimentsersant-majoor en resjimentsersant-kwartiermeester aangestel word.

**Hoogste sterkte van 'n troep en 'n peloton.**

5. Die hoogste sterkte van 'n troep sal wees: 2 sersants, 3 korporaals, 24 kadette.

Die hoogste sterkte van 'n peloton sal wees: 1 sersant, 4 korporaals, 32 kadette.

**Getalle.**

6. (*a*) 1 tot 29 kadette maak een troep uit; 30 tot 58 kadette maak twee troepe (een eskadron) uit; 59 tot 87 kadette maak drie troepe (een eskadron) uit; 88 tot 116 kadette maak vier troepe (een eskadron) uit; 117 tot 145 kadette maak vyf troepe (twee eskadrons) uit; 146 tot 174 kadette maak ses troepe (twee eskadrons) uit; en so voort.

(*b*) 1 tot 37 kadette maak een peloton uit; 38 tot 74 kadette maak twee pelotons uit (een kompanjie); 75 tot 111 kadette maak drie pelotons uit (een kompanjie); 112 tot 148 kadette maak vier pelotons uit (een kompanjie); 149 tot 185 kadette maak vyf pelotons uit (twee kompanjies); 186 tot 222 kadette maak ses pelotons uit (twee kompanjies); en so voort.

**Verandering van sterkte kan uitgestel word.**

7. Bevelvoerende offisiere van afdelings is gemagtig om die vermeerdering of vermindering van die aantal troepe in hul afdelings uit te stel as hulle van oordeel is dat die vermeerdering of vermindering van die aantal kadette net maar tydelik is.

**Benaming van kadetafdelings.**

8. Kadetafdelings moet genoem word na die skool waaraan hulle behoort en moet ook in volgorde van 1 af genommer word.

Die nommers moet, sover as moontlik is, toegewys word ooreenkomstig die ouderdom van die afdelings gereken van die datum van hul oprigting af.

INSKRYWING, OORPLASING EN ONTSLAG.

Afdelingnommers.

9. Aan elke kadet moet by inskrywing 'n afdelingnommer gegee word en hierdie nommer moet tenoor sy naam aangeteken word in die inskrywingsregister en in alle offisiële opgawes en geskrifte. Die reeks afdelingnommers moet begin met "1" en aanhou tot "9999." Nommers moet in volgorde gegee word ooreenkomstig die datum van aansluiting. As die nommer "9999" bereik is, begin die reeks weer met "1."

As kadette van een eenheid na 'n ander oorgeplaas word, moet aan hulle nuwe nommers gegee word by die afdeling waarna hulle oorgeplaas is.

Oorplasing.

10. Die oorplasing van kadetonderoffisiere en kadette moet gereël word tussen bevelvoerende offisiere van afdelings (kyk Aanhangsel II). Bevelvoerende offisiere van afdelings moet sorg dat jongens met vroeër onafgebroke diens, wat by hul afdelings aansluit, na hulle toe oorgeplaas word en nie deur hulle weer ingeskryf word nie.

Ingeval 'n kadet van die een militêre distrik na 'n ander oorgeplaas word, moet 'n opgaaf van sy diens verkry word deur die distrikstafoffisier van die distrik waarheen hy oorgeplaas is.

Ontslag-sertifikate.

11. Elke kadet ontvang by sy ontslag 'n sertifikaat van ontslag onderteken deur die distrikstafoffisier (kyk Aanhangsel "C" van die Regulasies).

Opgawe.

12. 'n Opgaaf van die sterkte (Aanhangsel III) wat aantoon inskrywings, oorplasing en ontslag moet deur bevelvoerende offisiere van afdelings aan die distrikstafoffisier gestuur word voor of op die 20ste Maart en 20ste September van elke jaar. Die distrikstafoffisier stuur op dieselfde manier aan die H.G.S. een opgaaf waarin die sterkte van al die afdelings in sy distrik aangetoon word. Dit is van belang dat hierdie opgaaf gereëld moet gestuur word en dat die regte en volle inligting onder elke hoof aangegee moet word. Net een eksemplaar word vereis.

OFFISIERE.

Verantwoordelikheid van offisiere.

13. Elke offisier, van watter rang ook, in die kadetkorpse moet nie vergeet nie dat hy verantwoordelikhede op hom geneem het en verpligtinge aangegaan het van 'n baie gewigtige aard en dat sy persoonlike voorbeeld en strewe, as dit in die regte rigting aangewend word, 'n nuttige invloed moet hê op die disipliene, algemene bekwaamheid en welsyn van sy afdeling.

Kennis van pligte.

14. Elke offisier moet 'n bevoegde kennis hê van sy pligte en dit word verwag dat hy die oefening van sy afdeling gereëld sal bywoon.

Vorm van applikasie vir aanstelling en bedanking.

15. Applikasies vir die aanstelling en bevordering van offisiere word by die distrikstafoffisier ingedien op 'n vorm volgens Aanhangsel I. Ingeval van bedanking word die applikasie van die offisier deur middel van 'n brief langs dieselfde weg ingedien.

Bedanking van bevelvoerende offisier van 'n afdeling.

16. As dit bekend is dat 'n offisier in bevel van 'n afdeling by 'n kollege of skool, nie na afloop van 'n skooltermyn sal terugkeer nie, dan moet hy sy bedanking by die distrikstafoffisier indien voor die skool opbreek sodat alle Goewerments-afdelingseiendom behoorlik oorhandig kan word voor sy vertrek.

Oorplasing.

17. (1) 'n Offisier wat verlang om oorgeplaas te word van een afdeling na 'n ander, moet applikasie maak by die distrikstafoffisier.

(2) As 'n kadetoffisier oorgeplaas word van een afdeling na 'n ander moet die bevelvoerende offisier van die afdeling, wat die kadetoffisier verlaat, sy vertrek rapporteer en moet die bevelvoerende offisier van die afdeling waar hy by aansluit sy aankoms rapporteer aan die distrikstafoffisier.

Verlof: bevelvoerende offisiere van afdelings.

18. (a) Bevelvoerende offisiere van afdelings moet nie vir 'n langer tydperk as dertig dae op verlof gaan sonder dat hulle eers die toestemming verkry het van die distrikstafoffisier wat die H.G.S. in kennis moet stel.

(b) Gedurende die afwesigheid op verlof van die bevelvoerende offisier van 'n afdeling tree die offisier wat net op hom volg as bevelvoerder van die afdeling op en neem die verantwoordelikheid van die bevel oor.

(c) Hierdie order is nie gedurende skoolvakansie van toepassing op kadetoffisiere wat onderwysers is nie.

19. (a) 'n Offisier moet nie, sonder verlof van die bevelvoerende offisier van sy afdeling, vir langer as drie dae van sy gewone woonplek in die Unie afwesig wees nie. (Verlof tot 30 dae toe kan deur die bevelvoerende offisier toegestaan word). Verlof.

(b) 'n Applikasie van 'n offisier (behalwe 'n bevelvoerende offisier van 'n afdeling) vir langer as dertig dae verlof moet minstens drie dae voor die dag waarop die offisier op verlof wil gaan na die distrikstafoffisier verwys word en hierdie applikasie moet skriftelik gemaak word en moet die offisier se adres aangee gedurende die tyd van die verlof waarvoor applikasie gemaak is.

(c) As 'n offisier vir langer as dertig dae op verlof gaan moet hy, as sy verlof om is, sy terugkeer aan die distrikstafoffisier rapporteer.

(d) Hierdie order is nie gedurende skoolvakansie van toepassing op kadetoffisiere wat onderwysers is nie.

20. (a) Die eksamen voorgeskryf in paragraaf 47 van die kadetregulasies sal die eksamen wees wat gedurende of by afloop van 'n kursus vir kadetoffisiere by die Militêre Skool gehou word of anders soos hieronder: — Bevorderings-eksamen.

*Vir Tweede Luitenant tot Luitenant.*

(Prakties en Mondeling.)

(A) Dril en aanvoer van 'n eskadron ... ... ... ... 100 merke.
(B) Skietkuns, gesigsoefening en afstandskat, dele van 'n geweer en sorg van wapens ... ... ... ... ... 100 merke.

(Skriftelik.)

(C) Kadetregulasies en Orders en Instruksies ... ... 100 merke.

*Vir Luitenant tot Kaptein.*

(Prakties en Mondeling.)

(D) Dril en aanvoer van 'n eskadron in die veld ... 100 merke.
(E) Enigeen van die volgende onderwerpe waarvoor 100 merke gegee word: —
Semafoor-seine.
Morse-seine.
Verkenning.
Eerste Hulp.
Gesondheidsleer vir die soldaat.
Veldskets en kaartlees.
Masiengeweer.
Sjeniewerk en twee van die volgende takke: —
(a) Gereedskap, materiale en die gebruik daarvan.
(b) Verbetering van die vuurveld en gebruik van bestaande dekking.
(c) Aardewerke.
(d) Hindernisse.
(e) Verdediging van plekke en posiesies.
(f) Reëlinge vir kampe.
(g) Knoop en bind.
(h) Brugge en die oorgang van riviere, ens.

(Skriftelik.)

(F) Kommunikasie onder mekaar en orders ... ... ...
Pligte en formasie van voor- en agterhoede en flankdekking ... ... ... ... ... ... ... ... ... ...
Pligte in verband met verkenning en voorpostediens ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ...
Aanval op en verdediging van 'n posiesie... ...
} 100 merke.

(b) As 'n kandidaat in enige onderwerp 50 persent van die merke behaal, word dit beskou dat hy in daardie onderwerp geslaag het.

(c) Om 'n spesiale sertifikaat in enige onderwerp te kan verkry, moet 75 persent van die merke behaal word.

(*d*) As 'n kandidaat nie in al die onderwerpe slaag nie kan hy later weer eksamen aflê in die onderwerpe waarin hy nie geslaag het nie.

Bevordering van 2de luitenant tot luitenant.

21. Sodra as 'n twede luitenant die eksamen vir luitenant met goeie gevolg algelê het, word hy tot die rang van luitenant bevorder.

OFFISIERE EN ONDEROFFISIERE.

Aanstelling en bevordering van onderoffisiere.

22. (*a*) Die aanstelling en bevordering van kadetonderoffisiere word deur die bevelvoerende offisiere van afdelings gemaak.

(*b*) 'n Kadet word nie tot die rang van korporaal of sersant bevorder voor hy 'n kadet 1ste klas is nie.

Bekendmaking van bevorderinge.

23. Alle bevorderinge moet deur middel van die distrikstafoffisier bekend gestel word en in distriksorders verskyn.

Terugsetting in onderoffisiersrang.

24. Die bevelvoerende offisier van 'n afdeling kan 'n kadetonderoffisier in sy afdeling na 'n laer rang terugsit of hom sy onderoffisiersrang ontneem—

(*a*) as hy die Wet of die Kadetregulasies of die Orders en Instruksies oortree;
(*b*) as hy hom nie in enige jaar as "bekwaam" kwalifiseer nie;
(*c*) as hy nie sy plig betrag nie;
(*d*) as hy, na oordeel van sy bevelvoerende offisier, ongeskik is om langer die rang waarin hy aangestel is te beklee;

met die bepaling daarby dat elke terugsetting of ontneming van rang deur die bevelvoerende offisier van die afdeling, gemaak ooreenkomstig subparagrawe (*a*), (*c*) en (*d*), onderworpe is aan die bekragtiging van die H.G.S.

Terugsetting of ontneming van rang word gereken van die datum van bekendmaking daarvan in distriksorders.

Onderoffisiere. Teruggang.

25. 'n Onderoffisier kan op sy eie versoek en met die goedkeuring van die bevelvoerende offisier van sy afdeling na 'n laer graad of na die geledere teruggaan.

TOETSE, ONDERSKEIDINGSTEKENS EN SERTIFIKATE.

Toets van bekwaamheid van kadette.

26. (*a*) In onderwerpe wat die aflê van 'n eksamen vereis, moet 'n kadet om goedgekeur te word as bekwaam of gekwalifiseer te wees vir 'n onderskeidingsteken of sertifikaat van bedrewenheid, goedgekeur word deur—

(*a*) 'n offisier van die Generale Staf;
(*b*) die distrikstafoffisier of 'n stafadjudant;
(*c*) enige ander offisier van de S.A.S.M. ;
(*d*) 'n raad wat byeengeroep word deur die distrikstafoffisier en wat bestaan uit nie minder nie as twee kadetoffisiere waarvan nie meer nie as een behoort by die afdeling van die kadette wat die eksamen aflê.

(*b*) 'n Opgaaf wat geteken is deur die offisier-eksaminator of deur al die lede van die raad moet aan die distrikstafoffisier gestuur word en hierdie opgaaf moet die name aangee van die kandidate wat as bekwaam goedgekeur is en wat gekwalifiseer is vir onderskeidingstekens of sertifikate van bekwaamheid, en ook die onderwerpe waarin hulle geslaag het.

Onderskeidingstekens en sertifikate vir bedrewenheid.

27. (*a*) Die volgende onderskeidingstekens vir bedrewenheid moet op die linker voorarm gedra word in die orde soos hier vasgestel—met nommer 1 die naaste aan die hand:—

(1) Vir skerpskutters, gekruiste geweers (jaarliks).
(2) Vir verkenning 'n "fleur de lys" (blywend).
(3) Vir morse-seine, gekruiste vlae (jaarlikse).
(4) Vir eerste hulp, 'n rooikruis op 'n wit grond (blywend).
(5) Vir beuel-blaas, 'n beuel (jaarliks).
(6) Vir tamboer-slaan, 'n tamboer (jaarliks).

(*b*) Sertifikate sal gegee word vir bedrewenheid in die volgende onderwerpe:—

(1) Vir semafoor-seine.
(2) Vir masiengeweer.
(3) Vir veldskets en kaartlees.
(4) Vir sjeniewerk.
(5) Vir swem.

28. Blyvende onderskeidingstekens word gedra van die tyd van die behaling daarvan totdat al die persone wat daarop geregtig is die kadetorganisasie verlaat. Dra van onderskeidingstekens.

Jaarlikse onderskeidingstekens word gedra vir twaalf maande vanaf die behaling daarvan. As die volgende eksamen plaats vind na verloop van die twaalf maande kan die onderskeidingsteken gedra word tot die eksamen gehou word.

29. Sodra as 'n kadet bevorder is tot onderoffisiersrang of 'n onderskeidingsteken verwerf het, sal die bevelvoerende offisier persoonlik die strepe of die onderskeidingsteken by die volgende parade aan sy mou vassteek. Presentasie van onderskeidingstekens aan kadette.

30. Inspeksies van afdelings word deur die distrikstafoffisier of 'n stafoffisier gehou na gelang daar geleentheid voor is. Jaarlikse inspeksies.

'n Parade-staat (Aanhangsel IV) moet by hierdie geleentheid ingelewer word.

31. Verlof om van die jaarlikse inspeksie afwesig te wees mag net in buitegewone omstandighede toegestaan word. Bywoning van inspeksie.

32. 'n Boy scout wat by 'n kadetorganisasie aansluit word 'n kadet 1ste klas as hy 'n sertifikaat toon wat deur 'n scout-kommissaris of sy plaasvervanger onderteken is en waaruit blyk dat hy 'n King's Scout of 1ste klas scout is. Boy scouts wat as kadette 1ste klas aansluit.

## Skietoefening.

33. Dit is 'n kadet nie geoorloof om met koeëlpatrone te skiet nie voor hy eers goed geoefen is in die hantering van die geweer en in aanlê en as gekwalifiseer goedgekeur is deur die bevelvoerende offisier van sy afdeling. Kadette moet eers gekwalifiseer wees voor hulle met koeëlpatrone mag skiet.

34. Skietbaaninstruksies word aangegee in Aanhangsel V. Skietbaaninstruksies.

35. By alle skyfskietoefeninge van kadette moet daar 'n offisier of instrukteur aanwesig wees. Die senior offisier wat aanwesig is (of die instrukteur, as daar nie 'n offisier aanwesig is nie) word verantwoordelik gehou dat alle moontlike voorsorgmaatreëls geneem word om ongelukke te voorkom en dat die skietery behoorlik uitgevoer word. Skyfskietoefening.

36. Die kostelose uitreiking van koeël- en miniatuurpatrone is vir oefening op die skietbane en vir die skiet van afsonderlike skietkursusse en vir geen ander doel nie. Die uitreiking sal aan iedere offisier of kadet op die skietbaan geskied na gelang en waar dit deur hom vir daardie doel mag vereis word. Uitreiking van patrone

37. Dit is 'n kadet onder geen omstandighede geoorloof om, as hy op die skietbaan skiet, self sy punte aan te teken nie. Kadet moet nie self sy punte aanteken nie.

38. Die persoon wat die skietkaartjie op elke distansie hou, moet na die laaste skoot die punte optel, dit aanteken en die kaartjies onderteken in die ruimte wat daarvoor bestem is. Na afloop van die oefening moet die kaartjie aan die offisier of instrukteur wat die toesig het by die oefening vir sy ondertekening en bewaring oorhandig word. Punte moet opgetel en die skietkaartjies geteken word.

39. Skietkaartjies volgens Aanhangsel VI moet by die oefening op alle skietbane gebruik word en moet onder geen omstandighede vernietig word nie. Skietkaartjies.

40. Nuwe kaartjies moet uitgereik word vir oefeninge wat op verskillende dae uitgevoer word. Nuwe skietkaartjies.

**Skietkaartjies van skietoefeninge.** 41. Skietkaartjies moet te same met die vorm (Aanhangsel VII) by die end van elke maand deur die bevelvoerende offisiere van afdelings aan die distrikstafoffisier gestuur word.

**Voorsorgsmaatreels op die skietbaan.** 42. Voor geskiet word en ook daarna moet die offisier of instrukteur wat toesig hou by die skietbaan die geweers ondersoek, daarvoor sorg dat die orige patrone teruggegee word en dat alle voorsorgmaatreëls geneem word om ongelukke te voorkom. Kadette wat na die skietplatform toe kom of daarvandaan weggaan moet hul geweers oor die skouer dra. Voor 'n kadet die skietbaan mag verlaat moet hy sy geweer goed skoonmaak. Al die bestaande instrukties is ook van toepassing op miniatuur-skietbane.

**Versorging van wapens.** 43. Elke kadet moet sorg dat sy karabyn of geweer en uitrusting behoorlik skoongemaak is. Die karabyn of die geweer moet altyd op dieselfde plek in die wapenkamer of geweerkas gesit word met 'n nommer boaan. Die kadetsersant-kwartiermeester of, in die geval van klein afdelings die kadet-sersant, sal aan die bevelvoerende offisier verantwoordelik wees vir die sorg van al die wapens van 'n afdeling. Hy is ook verantwoordelik vir die skoonmaak van die miniatuur-geweers wat die afdeling in gebruik het.

**Beperking van gebruik van vuurwapens.** 44. Die gebruik van vuurwapens om op ander plekke as op skietbane mee te skiet is belet.

## DISIPLIENE.

**Gehoorsaamheid aan orders.** 45. Absolute gehoorsaamheid, sonder teepraat, van alle range, van die hogste tot die laagste, teenoor diegene wat in hoër gesag is, is die wese van die disipliene. Elke order van 'n meerdere moet sonder die gepastheid daarvan in twyfel te trek dadelik ensover moontlik is met die looppas uitgevoer word.

**Ongehoorsaamheid aan orders moet gerapporteer word.** 46. As 'n order nie gehoorsaam word nie moet dit aan die bevelvoerende offisier van die afdeling gerapporteer word en hy moet sorg dat die order gehoorsaam word. 'n Kadetonderoffisier wat nie enige versuim in die gehoorsaming van 'n order rapporteer nie kan na die geledere of na 'n laer graad teruggesit word.

**Beleefheid teenoor minderes.** 47. 'n Kadetoffisier moet beleef wees en gematigde taal gebruik teenoor diegene wat onder sy bevel is.

**Berisping van onderoffisiere.** 48. Offisiere en instrukteurs moet nie kadetoffisiere in die teenwoordigheid van die kadette berispe nie weëns ongereeldheid, pligversuim of onhandigheid tensy dit, voorbeeldshalwe, regtig nodig is dat die berisping openbaar moet geskied.

**Salueer: Offisiere.** 49. Kadetoffisiere moet hul meerderes salueer voor hul op diens of op parade aan te spreek. Hulle salueer met die regterhand op die vasgestelde manier. Kadetoffisiere moet die saluut van ondergeskikte offisiere en kadette beantwoord. As meer as twee offisiere gesalueer word, word die saluut net deur die senior beantwoord.

**Salueer: Kadette.** 50. Kadette moet alle offisiere in uniform salueer en moet die offisiere van hul eie afdeling salueer of laasgemelde in uniform is of nie.

## WAPENS, UITRUSTING EN KLERE.

**Uitreiking van en verantwoordelikheid vir wapens en uitrusting.** 51. Distrikstafoffisiere sal al die vereiste wapens, uitrusting en klere aan kadetafdelings in hul distrikte uitreik en moet sorg dat daarvoor grootboekrekeninge gehou word ooreenkomstig die instruksies wat van tyd tot tyd deur die K.M.G. gegee word. Bevelvoerende offisiere van afdelings is verantwoordelik aan distrikstafoffisiere vir die goewermentseiendom wat onder hul sorg is.

52. As 'n bevelvoerende offisier van 'n afdeling verplaas word moet die goewermentseiendom, wat die afdeling in gebruik het, nagegaan word en dan moet 'n sertifikaat (Aanhangsel A van die regulasies) tesame met 'n lys van die goedere wat in gebruik is, geteken deur die bevelvoerende offisier wat uitgaan en die bevelvoerende offisier wat inkom, aan die distrikstafoffisier gestuur word.

**Hoe gehandel word as die bevelvoerende offisier van 'n afdeling verplaas word.**

53. Bestellings van goedere wat ooreenkomstig die sterkte uitgereik kan word, moet op of voor die 15de van die maand by die distrikstafoffisier in duplikaat ingedien word. Die instruksies op die bestelling moet nagekom word.

**Bestelling van goedere wat kosteloos uitgereik word.**

54. Dit is die plig van distrikstafoffisiere om die goedere wat by die afdelings in gebruik is minstens eenmaal in die jaar met die grootboeksaldo's te vergelyk; en as lede van die Instruksiediens afdelings besoek moet van die geleentheid gebruik gemaak word om die voorraad weer na te gaan. Vir hierdie doel moet aan bedoelde lede as hul so op besoek gaan, die grootboeksaldo's verskaf word.

**Nagaan van uitrusting en opneming van voorraad.**

55. Van die dienste van die kadet eskadronsersant-kwartiermeester of, in die geval van klein afdelings, van die kadet-sersant, moet gebruik gemaak word in verband met die versorging van die goedere.

**Versorging van goedere.**

56. By die ontdekking van verlies van of skade aan goewermentseiendom moet die bevelvoerende offisier van die afdeling die omstandighede dadelik aan die distrikstafoffisier rapporteer.

**Verlies of skade moet gerapporteer word.**

57. Die omruil van goewermentseiendom tussen kadette is streng belet.

**Omruil van goedere belet.**

58. Aan die behoorlike skoonmaak en versorging van wapens moet besondere aandag gewy word en kadetoffisiere moet kadette daarop wys hoe gewigtig en noodsaaklik dit is om geweers en karabyne altyd skoon te hou. Geweers en karabyne moet, nadat daarmee met koeëlpatrone of loskruit geskiet is, dadelik skoongemaak word.

**Versorging van wapens.**

59. Wapens wat met 'n wa of met die trein na die wapensmid gestuur word vir reparasie moet sorgvuldig gepak word (in geweerkaste as dit moontlik is) en 'n lys van die wapens moet altyd aan die distrikstafoffisier gestuur word.

**Wegstuur van vuurwapens vir reparasie.**

60. Die volgende onderskeidingstekens van rang moet gedra word:—

**Onderskeidingstekens van rang.**

*Op die regtervoorarm—*

Resjimentsersant-majoor: Die Unie-wapen van vergulde metaal.
Resjimentsersant-kwartiermeester: Kroon en krans van vergulde metaal.
Eskadronsersant-majoor, Kompanjiesersant-majoor: Kroon van vergulde metaal.

*Op die regterarm tussen die skouer en die elmboog—*

Eskadronsersant-kwartiermeester, Kompanjiesersant-kwartiermeester: Drie armstrepe, met 'n kroon boaan, van sajet.
Sersant: Drie armstrepe van sajet.
Korporaal: Twee armstrepe van sajet.

### BRIEFWISSELING EN BOEKE.

61. Offisiële briewe moet aan 'n offisier in sy offisiële hoedanigheid gerig word met weglating van sy naam.

**Hoe briewe gerig moet word.**

Briewe van B.O. van afdeling moet aan Disso. gerig word.

62. Bevelvoerende offisiere van afdelings moet alle briewe aan die distrikstafoffisier rig en hy sal dit dan aan die H.G.S. stuur as dit nodig is.

Ondertekening van briewe aan Disso.

63. Alle briewe aan die distrikstafoffisier moet, as dit moontlik is, deur die bevelvoerende offisier geteken word. Aanbevelinge vir die aanstelling, bevordering, bedanking, ens., van offisiere moet sonder uitsondering deur die bevelvoerende offisier van die afdeling onderteken word. Briewe in verband met gewone kantoorwerk of briewe wat van minder belang is kan vir of namens die bevelvoerende offisier geteken word.

B.O. van afdeling verantwoordelik vir briewe wat vir of namens hom geteken is.

64. Bevelvoerende offisiere van afdelings moet ingelig word omtrent en sal verantwoordelik gehou word vir briewe wat weens dringende haas noodwendig vir of namens hulle geteken is.

Briewe aan Minister direk, belet.

65. Briefwisseling met enige hoër outoriteit as die distrikstafoffisier is belet.

Offisiële dokumente.

66. Alle offisiële dokumente is in 'n seker sin privaat en daarmee kan net gehandel word op verantwoordelikheid van die persoon aan wie se sorg hulle toevertrou is maar die vertroulikheid daarvan hang van die inhoud af en as daar dus spesiale geheimhouding verlang word, moet die woord "geheim" of "vertroulik" daarop geskryf word.

'n Brief moet net oor een onderwerp handel en op papier wees met 'n kant van 'n kwart van die breedte.

67. Offisiële briewe moet volledige informasie bevat van alle besonderhede in verband met die saak wat daarin behandel word. Elke brief moet op net een onderwerp betrekking hê en moet geskryf wees op foolscap papier met 'n kant van 'n kwart van die breedte. In antwoord op 'n brief moet die nommer en die datum van die brief wat beantwoord word, aangehaal word.

Aanhegsels moet nie afgehaal word nie.

68. As daar aan afdelings briewe gestuur word waaraan ander papiere as deel van 'n briefwisseling geheg is, moet sulke papiere met die antwoord van die afdeling teruggestuur word tensy die teenoorgestelde gelas word.

Korrespondensie binne die Unie van Suidafrika.

69. (*a*) Offisiële korrespondensie wat deur die brief- of boekpos gestuur word, moet gefrankeer wees vir enige adres in die Unie van Suidafrika.

(*b*) Offisiële pakkette tot 'n gewig van 11 pond kan gefrankeer of geregistreer word, deur middel van die frankeerstempel, vir versending na adresse in die Unie van Suidafrika.

Gefrankeerde koeverte en papier.

70. Gefrankeerde koeverte en papier kan op aansoek, van die distrikstafoffisier vir offisiële gebruik verkry word. Hierdie koeverte en papier moet onder geen omstandighede gebruik word vir korrespondensie wat nie in verband met die kadetorganisasie is nie.

Registers en boeke in gebruik by afdelings.

71. Die volgende boeke moet by elke afdeling gehou word:—

(1) Parade-register (Aanhangsel VIII) (wat by die end van elke kadetjaar by die distrikstafoffisier ingelewer moet word.

(2) Regulasies en Orders en Instruksies vir die Unie Kadette. Bevelvoerende offisiere van afdelings moet sorg dat 'n eksemplaar van die Regulasies en Orders en Instruksies vir Kadette, soos van tyd tot tyd gewysig, bygehou word en dat dit altyd beskikbaar is vir inspeksie deur die distrikstafoffisier of sy verteenwoordiger. As daar 'n verandering in die bevel plaas vind, moet hierdie boek oorhandig word tesame met die ander boeke en papiere.

72. (i) Na inlewering van 'n sertifikaat (Aanhangsel IX) van die aantal kadette wat op 1 Januarie in elke jaar in diens is of, in die geval van nuwe afdelings, tot die aantal kadette wat op 30 Junie in diens is, sal die Finansiële Ondersekretaris aan distrikstafoffisiere die toekenninge vir bykomende uitgawes uitbetaal vir al die afdelings in hul respektiewe militêre distrikte.

**Hoofdelike toekenning aan afdelings. Hoe dit betaal, beheer en bestee word.**

(ii) Elke distrikstafoffisier moet by die plaaslike tak van die Nasionale Bank (of in die Standard Bank as die militêre distrik in die Kaap Provinsie geleë is) 'n rekening open onder die naam "Distriksfonds vir bykomende uitgawes vir kadette" en moet die bedrae wat van die Finansiële Ondersekretaris ontvang word op die krediet van hierdie rekening inbetaal.

(iii) Hoewel elke distriksfonds vir bykomende uitgawes vir kadette beheer sal word als 'n algemene fonds vir alle kadetafdelings in die verskillende militêre distrikte, moet in die kantore van distrikstafoffisiere 'n afsonderlike boek gehou word waarin aangeteken moet word die toekenning wat deur elke kadetafdeling verdien word en ook die uitgawes wat teen bedoelde toekenning uitbetaal is.

(iv) Geen afdeling sal meer mag uitgee nie as die bedrag van die toekenning wat in een oefenjaar deur so 'n afdeling verdien is.

(v) Voldaangetekende gespesifiseerde rekening van alle uitgawes moet vir elke afdeling in 'n afsonderlike koevert sorgvuldig bewaar word en moet gestaaf wees deur die magtiging van tyd tot tyd deur die H.G.S. gegee vir die aangegane uitgawes.

(vi) Nadat eers die goedkeuring van die H.G.S. verkry is, kan die fonds aangewend word om voorsiening te maak vir—

(1) onvoorsiene onkoste in verband met veldmaneuwers;

(2) musiekinstrumente en musiek;

(3) skietoefening-benodighede waarvoor nie in die regulasies voorsiening gemaak is nie;

(4) onderskeidingstekens vir afdelings;

(5) gimnastiek en atletiese toestelle;

(6) ekstra ammuniesie;

(7) instruksie-handboeke wat nie deur die departement uitgereik word nie;

(8) intreegeld vir kadetwedstryde;

(9) afdelings-sportsfondse en pryse en sulke ander afdelingsbenodighede as wat van tyd tot tyd deur die H.G.S. gemagtig mag word;

(10) verlies van uitrusting, in gevalle waar die verantwoordelikheid vir die verlies nie op 'n besondere persoon kan tuis gebring word nie.

Benewens bostaande kan die waarde van goewermentsgoedere wat aan 'n kadetafdeling uitgereik is en ontbreek of op 'n ander manier as deur redelike slytasie beskadig is, teruggevorder word uit die toekenning vir bykomende uitgawes vir die eenheid, mits die toestemming van die K.M.G. eers verkry is.

